



4 Denza Street, Vanderbijlpark, 1910

Reg. no: 2011/002820/07

Bernard van der Walt

[bernard@grtweb.co.za](mailto:bernard@grtweb.co.za)

Tel: 082 885 0991

## **DIE EFFEK VAN SWART BEMAGTIGINGSWETGEWING (B-BBEE) OP AGRIBESIGHEID**

19 Februarie 2019

Geagte Johan,

Waar veral dranklisensies en uitvoerpermitte van toepassing is begin agribesigheid meer druk kry om 'n geldige B-BBEE telkaart te bekom.

Tussen verlede week en vandag het ek verskeie navrae gekry van wynkelders wat skrywe vanaf die "National Liquor Authority (NLA)" ontvang het wat aandrang op 'n geldige (compliant) telkaart binne 7 dae en wat dreig om 'n nakomingsbevel uit te reik en dranklisensies te kanselleer. Ander skrywes vereis dat 'n B-BBEE plan ingedien moet word.

Aangesien meeste wit agribesighede geen swart eienaarskap het nie is dit moeilik om 'n geldige B-BBEE telkaart op te stel aangesien eienaarskap punte nie verkry word nie en meeste punte uit bestuursvlakke ontbreek ook.

Die Regering het in Maart 2018 'n jeugindiensnemingsprojek van stapel gestuur wat besigheid die geleentheid gee om met twee B-BBEE vlakke te klim indien die YES (Youth Employment Service) teikens bereik word. Die doel hiervan is om werkskepping te bevorder end dat jeugdige (18 tot 35 jaar) werksondervinding opdoen.

Die proses volg dat ondernemings by YES4Youth registreer (eenmalige registrasiefooi tussen R 2 500 en R 20 000 plus BTW), daarna word die jong werkers aangestel en elk word ook

geregistreer en die fooie is tussen R 5 000 en R 10 000. Hulle kry dan 'n slimfoon waarmee hulle in kontak bly met YES4Youth.

Daar is egter vereistes dat die onderneming sy huidige BEE vlak behou of verbeter.

'n Verdere vereiste is dat nuwe poste geskep moet word en nie slegs bestaande poste gevul word nie.

Daar moet 'n minimum van 40% van die punte vir ondernemings met 'n omset tussen R 10 mil en R 50 mil tussen eienaarskap, vaardigheidsontwikkeling en swart besigheidsontwikkeling verkry word op hul B-BBEE telkaart om te kwalifiseer as 'n YES deelnemer. Vir besighede met meer as R 50 mil omset is die afsnypunt 50%.

Die alternatief tot swart eienaarskap is dus die implimentering van 'n YES program.

Skakel my gerus vir meer inligting.

Groete,



**Bernard van der Walt**

*B.Com. Hons., MBA (Edinburgh)*

*Master HR Professional SABPP Reg. No: 11120*

*MDP B-BBEE Wits*

